// OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Monday, 16th June, 1952. WINDHOEK Maandag, 16 Junie 1952. No. 1689.

CONTENTS

| | Page |
|---|---|
| GOVERNMENT NOTICE— | |
| No. 1290 (Union). Import Control. | 3009 |
| GENERAL NOTICE— | |
| No. 57. Application for Establishment of Extension of Tsumeb Township. | 3011 |

INHOUD

| | Bladsy |
|---|---|
| GOEWERMENTSKENNISGEWING— | |
| No. 1290 (Unie). Invoerbeheer. | 3009 |
| ALGEMENE KENNISGEWING— | |
| No. 57. Aansoek vir Stigting van Uitbreiding van Dorp Tsumeb. | 3011 |

# Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 1290 (Union).] [6th June, 1952.

## IMPORT CONTROL.

The Director of Imports and Exports, acting in accordance with authority granted by the Minister of Economic Affairs, announces for general information as follows:—

### PRIORITIES LIST—CONSUMER GOODS.

1. In order to avoid shortages arising in essential consumer goods it has been decided to issue additional import permits for the importation of the goods set out below:—

| *Customs Tariff Item.* | *Description.* |
|---|---|
| Ex 63 (d) | Linoleum and floorcloth not exceeding 3 mm. in thickness. |
| Ex 65 (d) (i) | Second-hand overcoats (for sale) of a free on board cost not exceeding 25s. each. (Permits from the Board of Trade and Industries are required for this item in addition to Import Permits). |
| Ex 116 (f) | Oil Lamps and Lanterns and parts thereof. |
| Ex 154 (3) | 6 volt battery vibrator radio receiving sets provided the free on board cost per set does not exceed £17. 10s. but excluding portable radios and motor car radios. |

# Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 1290 (Unie).] [6 Junie 1952.

## INVOERBEHEER.

Die Direkteur van Invoer en Uitvoer, handelende in ooreenstemming met magtiging deur die Minister van Ekonomiese Sake verleen, maak vir algemene inligting as volg bekend:—

### VOORKEURLYS—VERBRUIKERSGOEDERE.

1. Ten einde 'n tekort in noodsaaklike verbruikersgoedere te voorkom, is dit besluit om bykomende permitte uit te reik vir die invoer van die goedere hieronder vermeld:—

| *Doeanetariefitem.* | *Beskrywing.* |
|---|---|
| Ex 63 (d) | Linoleum en vloerkleed met 'n maksimum dikte van 3 m.m. |
| Ex 65 (d) (i) | Tweedehandse jasse (vir verkoop) met 'n vry-aan-boord-waarde van hoogstens 25s. elk. (Benewens invoerpermitte is permitte van die Raad van Handel en Nywerheid, vir die invoer van hierdie items nodig). |
| Ex 116 (f) | Olielampe en lanterns en onderdele daarvoor. |
| Ex 154 (3) | 6 Volt battery-triller radio-ontvangstoestelle, mits die vry-aan-boord-koste per toestel nie £17. 10d. oorskry nie, maar met uitsondering van draagbare radios en radios vir motorkarre. |

Ex 172 (b) (i) Household glassware provided no individual piece exceeds a free on board cost of 1s. 6d. but excluding cutglass, vases and ornaments (suppliers invoices must show separately the individual costs of each piece).

Ex 172 (b) (ii) Chinaware and porcelainware (excluding ornaments and vases), and household crockery of earthenware, provided no individual piece exceeds a free on board cost of 2s. 6d. (suppliers invoices must show separately the individual costs of each piece).

Ex 295 (b) Greaseproof paper.

2. Importers who wish to avail themselves of this concession may apply to the Director of Imports and Exports (Consumer Goods Section), Munlochy Buildings, Schoeman Street, Pretoria, on the form Excon 26 attached hereto.

3. Such application will be considered from registered importers who imported such goods during 1948 and who are in receipt of current import permits, with unspent balances thereon, valid for the importation of general merchandise.

4. The additional permits will be—

(i) valid only for the importation of items shown in paragraph 1 of this notice and will be issued on the basis of £2 for every £1 of the general merchandise permit surrendered;

(ii) limited to an amount equal to 150 per cent. of the free on board cost of the applicant's 1948 imports of the individual items shown in paragraph 1 of this Notice.

5. General permits will be issued in cases where general permits are surrendered and restricted permits will be issued in cases where restricted permits are surrendered.

---

FORM EXCON 26.

Applicant's Excon Ref. Number ..................

APPLICATION FOR A PERMIT TO IMPORT GOODS APPEARING ON THE PRIORITIES LIST DETAILED IN NOTICE No. 1296 DATED 6th JUNE, 1952.

1. Name of applicant ..................
2. Address ..................
3. Items for which additional permits are sought—

| (a) Description of goods (each item to be shown separately) | (b) Free on board cost of applicant's 1948 imports (detail separately against each item) | (c) Value of permit applied for (detail against each item as separate permits will be issued for each item applied for) |
|---|---|---|
| | | |

4. Details of applicant's permit valid for the importation of general merchandise which must be attached to this application and which will be debited with half the values shown in paragraph 3 (c) above:—

(i) Permit number ..................
(ii) Date of issue ..................
(iii) Whether general or restricted ..................
(iv) Available balance ..................

Ex 162 (b) (i) Huishoudelike glasware, mits die vry-aan-boord-koste van geen enkele stuk 1s. 6d. oorskry nie, maar met uitsondering van geslypte glas, blompotte en ornamente (fakture van voorsieners moet die aparte koste van elke afsonderlike stuk aandui).

Ex 172 (b) (ii) Breekware en porseleinware (met uitsondering van ornamente en blompotte) en breekgoed van erdewerk vir huishoudelike gebruik, mits die vry-aan-boord-koste van geen enkele stuk 2s. 6d. oorskry nie (fakture van voorsieners moet die aparte koste van elke afsonderlike stuk aandui).

Ex 295 (b) Vetproefpapier.

2. Invoerders wat van hierdie toegewing gebruik wil maak, kan aansoek doen by die Direkteur van Invoer en Uitvoer (Afdeling Verbruikersgoedere), Munlochygebou, Schoemanstraat, Pretoria, op die aangehegte vorm Excon 26.

3. Sodanige aansoeke sal oorweeg word van geregistreerde invoerders wat sodanige goedere gedurende 1948 ingevoer het en wat in besit is van lopende invoerpermitte met ongebruikte balanse en wat vir die invoer van algemene handelsware geldig is.

4. Die bykomende permitte sal—

(i) slegs geldig wees vir die invoer van items wat in paragraaf 1 van hierdie kennisgewing verskyn en sal uitgereik word op die basis van £2 vir elke £1 van die algemene handelswarepermit wat afgestaan word;

(ii) beperk wees tot 'n bedrag gelykstaande aan 150 persent van die vry-aan-boord-koste van die applikant se 1948 invoere van die afsonderlike items wat in paragraaf 1 van hierdie kennisgewing verskyn.

5. Algemene permitte sal uitgereik word in gevalle waar algemene permitte afgestaan word en beperkte permitte sal uitgereik word in gevalle waar beperkte permitte afgestaan word.

---

VORM EXCON 26.

Applikant se Exconverwysingsnommer ..................

AANSOEK OM 'N PERMIT VIR DIE INVOER VAN GOEDERE OP DIE VOORKEURLYS SOOS UITEENGESIT IN KENNISGEWING No. 1296 GEDATEER 6 JUNIE 1952.

1. Naam van applikant ..................
2. Adres ..................
3. Items waarvoor bykomende permitte verlang word:—

| (a) Beskrywing van goedere (elke item moet afsonderlik aangedui word) | (b) Vry-aan-boord-koste van applikant se 1948 invoere (elke item moet afsonderlik aangedui word) | (c) Waarde van permit waaroom aansoek gedoen word (elke item moet afsonderlik aangedui word aangesien aparte permitte vir elke item waarom aansoek gedoen word, uitgereik sal word) |
|---|---|---|
| | | |

4. Besonderhede van applikant se permit, geldig vir die invoer van algemene handelsware, wat by hierdie aansoek aangeheg moet word en wat met die helfte van die waardes in paragraaf 3 (c) hierbo aangedui, gedebiteer sal word:—

(i) Nommer van permit ..................
(ii) Datum van uitreiking ..................
(iii) Meld of algemeen of beperk ..................
(iv) Beskikbare balans ..................

*N.B.*—Applicants who find it inconvenient to attach hereto their main import permit(s) are reminded that their permit(s) may be split on application to their nearest branch of the S.A. Reserve Bank.

I, ......................................................................................
in my capacity as Partner/Director/General Manager of the firm ......................................................................................
do hereby declare and certify that I have taken steps to satisfy myself that the information contained in this application is correct.

Signature ..................................................

Signed before me this ...................... day of ............................, 19............

..............................................................................
*Commissioner of Oaths/Justice of the Peace.*

*L.W.*—Applikante wat dit ongerieflik vind om hulle hoofpermit(te) hierby aan te heg, word daaraan herinner dat hulle permitte op aansoek by hulle naaste tak van die Suid-Afrikaanse Reserwebank verdeel mag word.

Ek, ...................................................................................... in my hoedanigheid van Vennoot/Direkteur/Algemene Bestuurder van die firma ......................................................................................
verklaar en sertifiseer hiermee dat ek stappe gedoen het om myself tevrede te stel dat die inligting wat in hierdie aansoek vervat is, juis is.

Geteken ..................................................

Geteken voor my op hierdie ................ dag van ................, 19.........

..............................................................................
*Kommissaris van Ede/Vrederegter.*

## General Notice.

(No. 57 of 1952.)

It is hereby notified in terms of sub-section (5) of section 8 of the Townships Ordinance No. 11 of 1928, that application has been made for the establishment of an extension of TSUMEB TOWNSHIP and that the application is open for inspection at the office of the Surveyor-General at Windhoek.

The Townships Board will meet at Tsumeb at 2.30 o'clock p.m. on 1st July, 1952, to inspect the site and to hear evidence in connection therewith.

Any person who objects to the granting of the application or who desires to be heard in the matter may give personal evidence before the Board at the place and on the date specified or may submit evidence in writing provided that written evidence shall be in the hands of the Board not later than 27th June, 1952.

W. VAN B. SMITH,
Chairman: Townships Board.

Office of the Surveyor-General,
WINDHOEK.

## Algemene Kennisgewing.

(No. 57 van 1952.)

Dit word hiermee bekendgemaak, kragtens subartikel (5) van artikel 8 van die Dorpe-ordonnansie No. 11 van 1928, dat aansoek gemaak is vir die stigting van 'n uitbreiding van die dorp TSUMEB en dat die aansoek ter insae lê by die kantoor van die Landmeter-Generaal, Windhoek.

Die Dorperaad sal op Tsumeb om 2.30 n.m. op 1 Julie 1952 vergadering hou om getuienis in verband met die stigting van die uitbreiding te hoor en om die terrein te inspekteer.

Enige persoon wat beswaar of 'n verklaring in verband met die saak wil maak, mag persoonlik voor die Raad op die bogemelde datum verskyn of mag skriftelik in verbinding met die Raad tree, met dien verstande dat skriftelike getuienis nie later as 27 Junie 1952 in die hande van die Raad moet wees nie.

W. VAN B. SMITH,
Voorsitter: Dorperaad.

Kantoor van die Landmeter-Generaal,
WINDHOEK.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek